vrystaat
KUNSTEFEES • ARTS FESTIVAL • TSA-BOTJHABA

September 8, 2020

PERSVERKLARING
VRYSTAAT KLANK EN KLASSIK/ CLASSICAL SOUNDS /MEDUMO YA TLELASIKI BEKENDSTELLING

Vrystaat Klank en Klassik maak sy buiging

Soos talle teatergeleenthede wêreldwyd moes die eerste Vrystaat Klank en Klassik (VKK) ook voor die koronapandemie die knie buig. Maar soos die gesegde lui: The show must go on. En nou maak dié fees van klassieke musiek sy buiging op die virtuele verhoog.

Vrystaat Klank en Klassik is 'n platform geskep deur die Vrystaat Kunstefees spesifiek vir uitvoerende klassieke musici en luisteraars van die tydlose kunsvorm. Dit sou diegene die geleentheid gee om die fees weg van die tradisionele kunstefeesterrein te geniet, wat steeds geld, nou net gerieflik in jou eie voorhuis.

Daar is boonop 'n bonus. Die konserte word ingelei deur akteurs wat kort verbeeldingstories deur van Bloemfontein se bekendste skrywers vertolk. Die stories is deur die musiek geïnspireer en die visuele opnames in treffende Vrystaatse landskappe gemaak.

Die fees behels vyf uitvoerings. Anneke Lamont, bekende Suid-Afrikaanse pianis, speel Beethoven se monumentale *Diabelli-variasies* ter viering van die meester se 250ste geboortejaar. Magdalene Minnaar (sopraan), begelei deur Maryke Johnson (klavier), sal in *Broadway to Baroque* by werke van Bach begin en eindig met uittreksels uit die musiekspele *Evita, The Producers* en *Les Misérables*.

Die bekroonde Odeion-strykkwartet speel werke van die Suid-Afrikaanse komponiste Mokale Koapeng, Nadia Burgess en Allan Stephenson en sluit af met Anton von Webern en Mendelssohn.
'n Verkleinde Vrystaatse simfonieorkes (FSSO) se aanbod behels onder meer 'n Bach-concerto vir twee viole, "Winter" uit Vivaldi se *Vier seisoene* en 'n Klarinetconcerto van Mozart. Die soliste is Samson Diamond en Sharon de Kock (viool) en Danré Strydom (klarinet). Alexander Fokkens is die dirigent.

Die fees sluit af met 'n verskeidenheidskonsert deur die room van die Odeion Skool vir Musiek se studente, asook die OSM Camerata onder leiding van Elsabé Raath.

Die fees open op 1 Oktober en elke dag tot 5 Oktober sal 'n konsert aanlyn gelaai word en vir twee weke daarna nog beskikbaar wees. Gehore sal geleentheid kry om op 'n vasgestelde tyd regstreeks met die kunstenaars op Facebook te kommunikeer. Die kaartjies is te kry by Webtickets, Pick n Pay of deur die webwerf www.vrystaatkunstefees.co.za wat jou na Webtickets sal lei. Dit kos R40 per konsert en R100 vir 'n feespakket van vier konserte. Die OSM-konsert is gratis.

Nog 'n gratis bydrae is 'n klankkuns-lesing wat Léon Snyman, OSM-tegnologiedosent, vanjaar aanlyn op die International Conference on Music and Sounds van die London Centre for International Research en die International Planetarium Society-kongres in Edmonton, Kanada, gelewer het. Dié baie interessante video kan van 1 Oktober gratis op die Vrystaat Kunstefees se webwerf besoek word.

* Die skrywers is Jaco Jacobs, Ilne Fourie, Nàomi Morgan en Zee Bashew en die akteurs Gerben Kamper, Jefferson J Dirks-Korkee, Nosana Sondiyazi en Hillétje Möller Bashew.

vrystaat
KUNSTEFEES • ARTS FESTIVAL • TSA-BOTJHABA

Elretha Britz
Kurator: Vrystaat Klank en Klassik
E-pos: elretha.britz@media24.com
Tel: 083 279 1811

Georgina Thomson
Ontwikkelingsbestuurder
Tel: +27 (0)82 570 3083
georgina.thomson@volksblad.com

Die Rupert-Musiekstigting

vrystaat
KUNSTEFEES • ARTS FESTIVAL • TSA-BOTJHABA

Stigtersborge |
Founding Sponsors

UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA
UFS

Volksblad

Vennote |
Partners

MEDIA24

UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA
UFS·UV
THE HUMANITIES
ODEION SCHOOL OF MUSIC

OSM CAMERATA
ODEION STRING QUARTET

ARTS | KUNSTETRUST

a Little Guesthouse

web tickets
AVAILABLE AT Pick n Pay

Projek Vennote |
Project Partners

vrystaat
KUNSTEFEES • ARTS FESTIVAL • TSA-BOTJHABA

8 September 2020

PRESS RELEASE
VRYSTAAT KLANK EN KLASSIK/ CLASSICAL SOUNDS /MEDUMO YA TLELASIKI LAUNCHED

Like most live theatre events across the world, the first Vrystaat Classical Sounds had to be postponed because of Covid-19. But as we always say: The show must go on. Therefore this festival of classical music will now debut on the virtual stage.

Established by the Vrystaat Arts Festival, Vrystaat Classical Sounds is a platform for classical musicians and lovers of this timeless artform. The VSCS offers audiences and musicians the joy of having their very own festival far removed from the hustle and bustle of the traditional arts festival, and now in the tranquillity of their living room at home.

In order to present audiences with something different, each concert is introduced by actors portraying stories written by well-known Bloemfontein authors. The music is the inspiration to these narratives and the visuals recorded in a typical Free State landscape.

The festival consists of five performances. South African pianist Anneke Lamont will perform Beethoven's monumental *Diabelli Variations* in celebration of the composer's 250th birthday. Magdalene Minnaar (soprano), accompanied by Maryke Johnson (piano), offers From *Broadway to Baroque* which starts with Bach and ends with excerpts from the musicals.

The award-winning Odeion String Quartet will play South African compositions as well as works by Anton von Webern and Mendelssohn.

A string ensemble representing the Free State Symphony Orchestra has chosen Mozart, Vivaldi, Puccini and Bach, and will include solos. Samson Diamond, Sharon de Kock (violin) and Danré Strydom (clarinet) are the soloists and Alexander Fokkens the conductor.

The festival concludes with a free concert by the cream of the music student crop at the Odeion School of Music and the OSM Camerata under the baton of Elsabé Raath.

The festival opens on 1 October with a new concert added daily until 5 October. All performances will be accessible for another two weeks. Sessions during which the public can communicate live with the musicians will be available on Facebook. The dates will be announced.

Tickets cost R40 per concert and R100 for a festival package. Included is a complete programme with notes on the works and musicians. Another freebie is a sound art contribution by the ever-experimental Léon Snyman, technology lecturer at the OSM. He recently rendered this lecture online at international congresses.

Tickets are to be purchased at Webtickets or Pick n Pay or by opening the Free State Arts Festival website which will lead you to Webtickets.

* The authors of the introductions are Jaco Jacobs, Nàomi Morgan, Ilne Fourie and Zee Bashew. The actors are Gerben Kamper, Jefferson J Dirks-Korkee, Nosana Sondiyazi en Hillétje Möller.

vrystaat
KUNSTEFEES • ARTS FESTIVAL • TSA-BOTJHABA

Elretha Britz
Curator: Vrystaat Classical Sounds
Email: elretha.britz@media24.com
Tel: 083 279 1811

Georgina Thomson
Marketing and Development Manager
georgina.thomson@volksblad.com
Tel: +27 (0)82 570 3083

Die Rupert-Musiekstigting

vrystaat
KUNSTEFEES • ARTS FESTIVAL • TSA-BOTJHABA

Stigtersborge |
Founding Sponsors

UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA
UFS

Volksblad

Vennote |
Partners

MEDIA24

UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA
UFS·UV
THE HUMANITIES
ODEION SCHOOL OF MUSIC

OSM CAMERATA
ODEION STRING QUARTET

ARTS | KUNSTETRUST

a Little Guesthouse

web tickets
AVAILABLE AT Pick n Pay

Projek Vennote |
Project Partners